CAPE TIMES
2 FEBRUARY 2012, P.8

Top-class journalism

I WOULD like to congratulate environmental writer Melanie Gosling for her coverage of the Chapman's Peak row, and particularly for her background article of January 30 ("Taking a drive through the saga").

The omelette has not been unscrambled as would be most desirable, but I think she has given us a view of early tenderpreneurship of the kind now in full sail. We will miss the role of such journalism when the Information Bill becomes law...

PAT ROGERS
SOMERSET WEST

DIE BURGER
2 FEBRUARIE 2012, Bl.8

CHAPMANSPIEK

Partye win nog advies in oor plaza

Deel van park word dalk gedeproklameer

Jan Gerber

KAAPSTAD. – Die Wes-Kaapse regering win 'n regsmening in oor of 'n parlementêre besluit nodig is om 'n gedeelte van 'n nasionale park te deproklameer ná protes oor die omstrede Chapmanspiek-tolplaza.

En diegene gekant teen die tolplaza win steeds hul regsadvies met omsigtigheid in.

Die Wes-Kaapse regering en die tolpad se konsessiehouer, Entilini, word sedert vroeg vandeesmaand skerp gekritiseer oor hul planne om die tolplaza aan Houtbaai se kant van die pas te bou.

Mnr. Len Swimmer, voorsitter van die Inwonersvereniging van Houtbaai, het gesê hulle het al met verskeie regslui gekonsulteer om 'n hofinterdik te bekom om die bouwerk, wat Maandag begin het, te stop.

"Ons wag nog op 'n antwoord van die regspan. Ons is baie versigtig. Ons wil nie die saak verloor nie."

Me. Helen Zille, Wes-Kaapse premier, het gereageer op 'n memorandum van die Civil Rights Action Group, een van die Houtbaaise organisasies wat die projek teenstaan.

Van hul vernaamste besware, met Zille se reaksie wat daarop volg, is:

■ Chapmanspiek is nie lewensvatbaar as 'n tolpad nie.

"Die finansiële ooreenkoms is op 'n kontrak van 30 jaar gegrond en terwyl hoë aanvanklike koste verwag is, sal die winsgewendheid op lang termyn duidelik wees," het Zille gesê en bygevoeg die administratiewe koste van die besware en gevolglike vertragings verhoog die geldelike las van die provinsie.

■ Volgens Wes-Kaapse wetgewing kan die pad se status as tolpad verwyder word.

"Eenvoudig gestel, as die pas van 9 km nie getol word nie, kan dit nie oop bly nie. Alternatiewe roetes is beskikbaar, soos geblyk het uit die vier jaar wat die pad gesluit was," het Zille gesê.

■ Die tolplaza is binne die Tafelberg Nasionale Park geleë, wat die hoogste vlak van natuurbewaring geniet.

Zille het gesê die pad is nie deel van die landskap nie en moet deur die regering bestuur word. Sy glo ook nie dit sal 'n presedent vir die gebruik van nasionale parke se grond skep nie.

■ 'n Resolusie van die parlement word benodig om 'n gedeelte van die Tafelberg Nasionale Park te deproklameer.

"Die Wes-Kaapse regering is besig om 'n regsmening hieroor in te win," het Zille gesê. Sy het bygevoeg die korrekte prosedures is gevolg.

DIE BURGER
2 FEBRUARIE 2012, Bl.4

'n Kontrakhelikopter van die Kaapse Wynland-distriksmunisipaliteit wat gebruik is in die bestryding van die onlangse veldbrande word met spesiale vliegtuigbrandstof volgemaak. Foto's: DENZIL MAREGELE

Dit kos miljoene om Boland-brande te blus

Ilse Krige

STELLENBOSCH. – Die brande in die Boland wat rondom Stanford en naby Wellington gewoed het, is vir eers redelik in bedwang.

Nou bereken die onderskeie munisipaliteite hul skade.

Mnr. Hermie Visser van die Kaapse Wynland-distriksmunisipaliteit (KWDM) het gisteroggend grappenderwys gesê daar is nie meer "vlieënde voorwerpe" op die brandtoneel nie.

Hy het verwys na die sewe helikopters wat Dinsdag watersakke aangevlieg het om boere se plase teen die brand te beskerm.

"Ons het tans 81% vog in die lug met 'n temperatuur van 19 °C, dus is niemand meer paniekbevange nie."

Die brandlyne sal egter nog lank dopgehou word.

"As die wind draai, kan ons nog groot moeilikheid kry."

Mnr. Danie Wilds, brandweerhoof van die KWDM, het gesê die publiek weet nie altyd hoeveel dit kos om so 'n brand te blus nie. "Die KWDM het Dinsdag drie kontrakhelikopters in die operasie gebruik. Dit kos R14 000 per uur om een helikopter in die lug te hou."

Me. Erica Odendaal op hul plaas in die Limietberg naby Wellington, waar hulle drie nagte deurnag gewaak het om die brand dop te hou vir ingeval hulle die huis sou moes ontruim.

Hy het voorts gesê die staatsondersteunde organisasie Werk met Vuur het ook twee helikopters daar gehad teen 'n koste van sowat R17 000 per uur.

"Die lugmag het sy Oryx-helikopters met die toestemming van die nasionale regering gestuur. Dit het geweldig baie gehelp om die toestand in die Limietberg te verbeter. Dié koste word nie deur ons munisipaliteit gedra nie, maar ek reken dit kos sowat R40 000 per uur vir net een helikopter," het Wilds gesê.

"Ons betaal ook staangeld – R61 000 per helikopter per maand. Hy moet gereed staan en die vlieënier moet ook betaal word, anders is die helikopter nie oombliklik beskikbaar as 'n brand uitbreek nie."

Sedert die begin van die brandseisoen het die KWDM al sowat R4,5 miljoen bestee aan die blus van brande, hoewel dit eintlik moeilik is om dié koste te bepaal, het Wilds gesê.

"Benewens die skade wat aan wingerde of strukture aangerig word, veroorsaak brande 'n hele ontwrigting van die grondeienaar se normale boerdery-aktiwiteite."

■ Nog net 'n paar monitorspanne van die Overstrand-munisipaliteit hou die brandlyne by Stanford en Tesselaarsdal dop ná Sondag se brand, het mnr. Riaan Jacobs, brandweerhoof van die Overstrand-munisipaliteit, gister gesê.

"Aan die oostekant van die bergreeks is daar nog brande in die hakia-bosse. As ons nie opvlammings in die voorspelde sterk suidoostewind het nie, dan het ons hom geklop."

Trein tref vrou by Observatory

DIE BURGER
2 FEBRUARIE 2012, Bl.10

KAAPSTAD. – Treine by Observatory-stasie was gisteroggend laat nadat 'n Metrorail-trein 'n vrou (65) tussen die Observatory- en Soutrivier-stasies getref het.

Die vrou se identiteit is nie bekend gemaak omdat al haar familie nog nie oor haar dood ingelig is nie. Haar vriende het haar Dinsdag om 19:00 laas in Observatory lewend gesien, het die polisie gister gesê. Die voorval het omstreeks 06:30 gebeur.

Me. Riana Scott, woordvoerder van Metrorail-treindienste, het gesê dit lyk of die vrou se lyk op die spoorlyn neergesit is.

Kapt. Frederick van Wyk, polisiewoordvoerder, het die bewering nie gister bevestig nie, maar gesê dit word ondersoek.

Van Wyk het gesê die spoorwegpolisie was om 07:00 op die ongelukstoneel.

Me. Keri Davids, EMS-ambulansdienste se woordvoerder, het gesê hulle is om 07:28 gekontak. "Een van ons Pinelands-ambulanse het op die oproep gereageer. Paramedici het die vrou op die toneel dood verklaar."

Treine het twee uur later weer geloop. – **Richard Roberts**

DIE BURGER
2 FEBRUARIE 2012, Bl.12

Projekte vir mense met gestremdhede kry R20 m.

KAAPSTAD. – Sowat 50 organisasies wat mense met gestremdhede help, vind baat by die sowat R20 miljoen wat die Wes-Kaapse departement van maatskaplike ontwikkeling gister bewillig het.

Mnr. Albert Fritz, provinsiale minister van maatskaplike ontwikkeling, het bekend gemaak die eerste gedeelte van die sowat R50 miljoen wat sy departement bespaar het deur nie-noodsaaklike uitgawes te besnoei, is aan dié organisasies beskikbaar gestel.

"'n Paneel het die aansoeke om geld van nieregeringsorganisasies ondersoek, asook hul prestasie die afgelope tyd, om te verseker ons gee geld aan projekte wat ons strategiese doelwit van sosiale insluiting en armoedeverligting direk aanpak.

Mnr. Albert Fritz

"Die hulpbronne word oor die provinsie versprei om te verseker dit bereik landelike gebiede en bied gelyke toegang tot die geleenthede wat geskep word."

Residensiële geriewe vir mense met gestremdhede, werksessies, ontwikkelings, terapeutiese maatskaplike welsynsdienste en organisasies wat spesiale projekte aanbied, vind baat by die geld.

Nóg toewysings gaan binnekort gemaak word, het Fritz belooft.

– Jan Gerber

Raadslede gaan nie nou meer verdien

Malani Venter

STELLENBOSCH. – Die geldelike krisis waarin die Overbergdistriksmunisipaliteit tans verkeer, word as hoofrede aangevoer vir die besluit om salarisverhogings vir raadslede van die hand te wys.

Die burgemeester, mnr. Lincoln de Bruyn, het in 'n verklaring erken dat die munisipaliteit in 'n finansiële krisis verkeer en onvoldoende inkomste het.

Die besluit om pres. Jacob Zuma se proklamasie van 'n 5%-salarisverhoging vir die jaar van 1 Julie 2011 tot Junie 2012 van die hand te wys, is Dinsdag op 'n buitengewone raadsvergadering geneem. Die geldelike probleme is volgens hom die gevolg van swak finansiële bestuur sedert 2006 en die totale uitputting van reserwes.

"In die vorige termyn het die ANC, wat aan die bewind was, miljoene rande aan pakkette betaal om bestuurslui af te lê. 'n Groot bedrag is ook betaal om die dienste van die eertydse munisipale bestuurder en direkteurs te beëindig. Van 2006 tot 2011 was daar sewe waarnemende munisipale bestuurders wat tot die onbestendigheid bygedra het.

"Onoordeelkundige uitgawes, onredelike bestuursaanstellings, beweerde wanadministrasie en wanbestuur van geld het tot die probleem bygedra."

De Bruyn het gesê die huidige DA-beheerde raad het onlangs 'n plan opgestel om die munisipaliteit se finansiële posisie te verbeter. Dié plan sal vir oorweging aan die provinsiale regering en die nasionale tesourie voorgelê word. "Die besluit om salarisverhogings te weier is deel van dié strategie," het De Bruyn gesê.

DIE BURGER
2 FEBRUARIE 2012, Bl.14

DAILY VOICE
2 FEBRUARY 2012, P.12

DEATH DRIVER IS OUT

VICTIMS: Truck crash killed eight

THE driver of a tractor involved in an accident which killed eight people is out on bail.

The man was released from the Tulbagh Magistrates' Court on Tuesday after the horror crash on Monday.

Now the province's transport boss has urged prosecutors to slap the man's boss with murder charges.

Isak Stuurman appeared with the owner of the vehicle, James van Rooyen, on eight charges of culpable homicide arising from the crash in Gouda, in the Western Cape, said National Prosecutions Authority spokesman Eric Ntabazalila.

BY JASON MEYER

The case was postponed until April 2 for further investigation, he said.

"We are likely to add more charges against the two as the investigation continues. The two are out on bail of R500 each."

Trucks

The Caterpillar 631D earth-moving tractor, often used for road building, was on the Klein Berg River Bridge on Monday morning before the crash in which 22 people were injured.

Two trucks were approaching the bridge.

The first, on seeing the massive earth-moving vehicle on the bridge, was able to brake in time.

The second swerved, hit the stationary vehicle and then hit the tractor. The bed of the truck was ripped off and flung into the river.

Both trucks were legally compliant. But the tractor was illegally on the road.

Western Cape Transport MEC Robin Carlisle said he wanted murder charges brought against Van Rooyen.

"The National Prosecuting Authority would be well within their rights to explore murder charges," he said.

ACCUSED: Driver Isak Stuurman

SON
2 FEBRUARIE 2012, Bl.4

BEKYK: Verskeie sake by die Paarl-hospitaal word ondersoek. Foto: WESLEY MARTIN

ONDERSOEK NA LYK-BESIGHEID

Hospitaalmense 'maak geld on the side'

VERSKEIE werkers is by die Paarl-hospitaal weggejaag omdat hulle na bewering geld gesteel en oor lyke besigheid gedoen het.

Die Wes-Kaapse departement van gesondheid is tans besig met 'n volskaalse ondersoek na die voorvalle.

Dit spruit uit klagtes van diefstal en bedrog deur die publiek by die departement.

Apteek

Sedert die ondersoek begin is, is 'n klerk geskors oor sowat R2.4 miljoen wat net spoorloos verdwyn het.

'n Werker in die apteek is ook geskors nadat hy glo medikasie gesteel en dit van sy huis af verkoop het.

'n Senior porter is verlede Maandag aangesê om dadelik die perseel te verlaat.

Hy het glo geld van mense

MAAHIR PRETORIUS
maahir.pretorius@sun.co.za

gevra om hul geliefdes in die hospitaal se lykshuis te stoor.

Sy beweerde scam het ontdooi toe 'n bedroefde gesin by die morgue opgedaag het om vir die berging van die lyk te betaal.

Die gesin was besig met begrafnisreëlings in die Oos-Kaap en die lyk moes toe langer in die lykshuis bly.

Die porter was dié dag van diens af toe die familie met die cash daar opdaag.

Die gesin wou die geld by 'n ander porter inbetaal, waarna die geval by die hospitaalbestuur aangemeld is.

Dié piemper self het nie vertel van die begrafnispolisse wat hy na bewering vir 'n begrafnisonderneemer in die dorp verkoop nie.

So 'n sideline job meng in met sy verpligtinge by die hospitaal en word ook nou deur die department ondersoek.

32369
SE ONS!

'n Werker, met wie *Son* gepraat het, noem dit kos net 'n SMS na 'n plaaslike undertaker sodra 'n armoedige hier sterf.

Dié optrede word dan vergoed met cash óf 'n part time job by die undertaker.

"Die undertaker sal daarna die dooie se naastes kontak en begin reëlings tref vir 'n armlastige begrafnis.

"Sulke begrafnisse word normaalweg deur die staat geborg.

"Van die undertakers collect tot vyf lyke per week by die Paarl-hospitaal alleen," sê die werker.

Faiza Steyn, woordvoerder vir die Wes-Kaapse departement van gesondheid, bevestig die departement is ernstig daaroor om bedrog en korrupsie hok te slaan, en waardeer die publiek se optrede.

Geen

Sy beklemtoon dis juis oor dié wenke dat in van die gevalle so spoedig en deeglik stappe gedoen is.

Kapt. Louise du Plessis, 'n polisiewoordvoerder, sê nog geen klagte is by hulle aangemeld nie.

Steyn sê die departement se ondersoek duur voort.

Sodra die ondersoek voltooi is, en indien nodig, sal dit aan die polisie oorgegee word.